

Goudini Biblioteek

OPGEGRADEER

CHRISTINE GERBER

Bibliotekaris, Worcester Biblioteek

Die Goudini Biblioteek is op 20 November 1964 op Rawsonville geopen deur die destydse Provinsiale Sekretaris, Mnr CHB Cronjé.

Gedurende 1963 en 1964 was daar 'n oplewing ten opsigte van die oprigting van munisipale biblioteekgeboue. Volgens die 1964 Jaarverslag van die Provinsiale Biblioteekdiens is 'n aantal keurige en doeltreffende geboue gedurende dié twee jaar vir die publiek geopen.

Mnr RW Laubscher was gedurende 1964 Voorsitter van die Biblioteekkomitee op Rawsonville en was die groot dryfveer agter die oprigting van dié gebou. Die biblioteek was eers in 'n ander ontoereikende gebou gehuisves.

Heelwat lede van die plaaslike gemeenskap het ruim finansiële bydraes gelewer om die nuwe gebou tot stand te bring en so 'n bydrae te lewer tot die opvoeding van die gemeenskap.

Mnr Laubscher skryf in 'n verslag in 1964 dat die Goudini Biblioteek waarlik 'n gemeenskapsentrum is en dat die boek 'n noodsaaklike aanvulling geword het in die lewe van die gewone mense. Hy sê ook dat die gemeenskap dankbaar is teenoor die Provinsiale Biblioteekdiens wat 'n diens ingestel het tot voordeel en ontwikkeling van al die mense in ons provinsie.

Die biblioteek het vinnig gegroei tot 'n ledetal van 500 lede, was 18 uur per week oop en het 8 000 boeke gehuisves.

Tans het die biblioteek 'n ledetal van oor die 2 000, is 28 uur per week oop vir die publiek en het 'n sirkulasie van ongeveer 58 800 items per jaar. 'n Baie goeie gemiddelde 29 boeke per lid per jaar wat gesirkuleer word, word hier aangeteken.

Daar is ongeveer ses jaar gelede deur die gewese stadsklerk van Rawsonville versoeke aan die Provinsiale Biblioteekdiens gerig om fondse te bewillig vir die uitbreiding van die biblioteek, aangesien die biblioteek uit sy nate gebars het en in die 2003/2004 finansiële jaar is R350 000 toegestaan.

Mnre Lederlé en De Swardt, argitekte van die Provinsiale Departement van Behuising, is aangestel en Jaco Steyn van die munisipaliteit as projekbestuurder



Heel bo: Die vriendelike personeel van die biblioteek: (Inr) Mariska Bailey, Elsa Louwrens en Sinta de Klerk

Bo: Die vooraansig van Goudini Biblioteek met koperplate op pilare wat die geskiedenis van Goudini uitbeeld op die voorgrond

Links: Gemakstoelie voor die tydskrifrak noui gebruikers om hier te vertoef

Onder: Die naslaanbronne word druk deur skoliere gebruik





Bo: Die aantrekklike Kinderafdeling lok jong lesertjies om deur boekies te blaai

Onder: Die biblioteek word goed deur die gemeenskap benut en is 'n aanwinst vir Goudini

Heel onder: Gebruikers het die voordeel van 'n goedtoegeruste, moderne biblioteek. Let op die netjiese videorak regs



van die projek wat op 20 April 2004 'n aanvang geneem het. Op 16 Augustus 2004 is die biblioteek heropen.

Dit was duidelik dat die vier maande van res-tourasie omtrent 'n inbreuk op die gemeenskap gemaak het, veral wat die leerders van die plaaslike skole betref het wat kwalik sonder die fasiliteit kon voortgaan.

Ten spyte van die ontwrigting is die bibliotekaris, Elsa Louwrens en haar personeel geprys vir die goeie inligtingsdiens wat steeds gelewer is.

Alhoewel die biblioteek oor 'n wye verskeidenheid biblioteekmateriaal beskik, was die grootste uitdaging vir die opgradering juis om beter en groter ruimte vir naslaandoeleindes te skep.

'n Verdere R70 000 is deur die Provinsiale Biblioteekdiens bewillig om ekstra rakke aan te bring en verskeie ander leemtes aan te spreek. Ongeveer 50% van dié fondse is aangewend vir ekstra rak- en uitstalruimte en 'n ekstra katalogus en 50% vir die opgradering van die elektrisiteits-toevoer, die verf van die gebou aan die buitekant en die heruitleg van die tuin; asook die installering van 'n alarmstelsel.

Funksioneel, helderkleurig, met noodsaaklike lugreëlaars toegerus, is die biblioteek ingerig vir rolstoel-gestremdes en die aktiwiteitsaaltjie kan na baie jare se gebruik as stoorruimte, weer 'n fasiliteit wees wat deur die biblioteek en gemeenskap vir uitbreidingswerk benut kan word.

Die biblioteek speel 'n groot rol in die plaaslike skole se behoeftes ten opsigte van skoolprojekte en bedien die leerders van Hoërskool Goudini, Rawsonville Primêr, Kleinspan, Lorraine Primêr, Goudini Bad Primêr en Slanghoek Primêr.

Benewens die skole lewer die biblioteek 'n diens aan die plaaslike ouetehuis en is ook betrokke by 'n volwasse geletterdheidsgroep.

Leerders van die omliggende skole word gereeld by biblioteekoriënteringsprogramme en storietyd betrek.

Interessante uitstallings word op 'n gereelde basis gemaak en stimulerende opvoedkundige programme word van tyd tot tyd vir leerders aangebied.

Die visie van die Breede Vallei Munisipaliteit se Biblioteekdiens, naamlik dat 'die biblioteek toegang tot inligting moet bied, inligtingsbewusmaking en inligtingsgeletterdheid moet verskaf om die ontwikkeling uit te bou van sosio-ekonomiese, opvoedkundige, wetenskaplike en inligtingsvaardig-hede', word deeglik in die biblioteek se aktiwiteite gemanifesteer.